Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 20 JANUARIE 2010 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Lede van die Burgemeesterskomitee:
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath
Rdl J H Cleophas
Ander raadslede:
Speaker, rdh A Johnson
Rdl A J Atkins
Rdl R J du Plooy
Rdh N J A Rust
Rdl W Wilskut

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Administratiewe Beampte: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R J du Plooy open die vergadering met gebed.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU 9 DESEMBER 2009

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 9 Desember 2009 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. NUWE SAKE

6.1 VERKLARING EN BESTUUR VAN NATUURRESERVATE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED (17/11/1/1/2)

Natuurreservate word ingevolge nuwe wetgewing bestuur, naamlik die "Protected Areas Act", Wet 57 van 2003.

Om gehoor te gee aan die nuwe Wet is die Munisipaliteit, in samewerking met Cape Nature in proses om die status van bestaande reservate, sowel as geoormerkte gebiede aan te pas. Hierdie proses sluit in die aangaan van ooreenkomste met die Provinsiale Regering, Departement Plaaslike Regering en Omgewingsbewaring, asook die opstel van bestuursplanne vir elke reservaat.

BESLUIT

(a) Dat die vestiging van die volgende natuurreservate goedgekeur word ingevolge die "Protected Areas Act", Wet 57 van 2003:

(i) Yzerfontein Bewaringsarea
(ii) Darling Renosterveld en Groenkloof Reservate;

(b) Dat die konsep Bestuursplanne van bogenoemde reservate (bylae 1 en 2) aanvaar word;

(c) Dat magtiging aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste verleen word om die volgende dokumente namens die Raad te onderteken, nadat die volgende wysigings deur Cape Nature aangebring is soos aanbeveel deur die prokureurs, Du Plessis en Mostert:

(i) <u>Notariële Akte vir beskermde gebiede</u> –

Klousule 2 D (ii) wat soos volg lees moet in geheel geskrap word:

"Enige persoon wat 'n reg het tot water van 'n openbare stroom in die bewaringsgebied, sal sodanige reg uitoefen onder die voorwaardes soos voorgeskryf deur die Minister van Omgewingsake met die instemming van die Minister van Waterwese", omrede die Munisipaliteit nie kontrakte mag sluit namens derde partye nie.

(ii) <u>Agreement to declare a Nature Reserve and consent to the assignment of the Management Authority</u> –

Geen wysigings word aanbeveel;

(iii) <u>Protected Area Management Agreement</u> –

Klousule 4.4.2 moet ten volle geskrap word, aangesien dit dieselfde voorwaardes vervat soos uiteengesit onder 3.1 (Notariële akte);

(d) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste getaak word om vir die 2010/2011 boekjaar vir die volgende bedryfsuitgawe te begroot:

- Yzerfontein Bewarea R50 000-00
- Darling Renosterveld en Groenkloof Reservate R10 000-00

(e) Dat Cape Nature/...

3.1/...

(e) Dat Cape Nature opdrag kry om voort te gaan om die prosesplanne te implementeer soos uiteengesit in die Bestuursplan van elke goedgekeurde reservaat, in oorlegpleging met Munisipaliteit Swartland;

(f) Dat 'n vergadering van relevante rolspelers belê word om die voorgestelde bestuursplanne vir die Paardeberg Natuurreservaat te oorweeg, om weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê te word;

(g) Dat kennis geneem word dat die vestiging van die reservate in Malmesbury nie op hierdie stadium oorweeg kan word nie, onder meer vir die volgende redes:

(i) die Malmesbury Klipkoppie en Driehoekspad reservate moontlik geraak kan word deur nuwe roetes in en om Malmesbury, die oprigting van elektriese infrastruktuur, ens;

(ii) die natuurreservaat by Mount Royal Golf en Country Landgoed nie op die planne van Cape Nature aangedui word nie en dat dit deel vorm van die finale voorlegging met verwysing na reservate in Malmesbury;

(h) Dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dit as 'n voorwaarde stel by alle nuwe ontwikkelings in Yzerfontein, dat waar oopruimtes geskep word, dit ingeskakel moet word by die bewaringsgebied en dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die koste om die gebiede te laat registreer.

6.2 REKORD VAN BYWONING DEUR LEDE VAN WYKSKOMITEES (3/4/4/1)

Die Grondwet vir Wykskomitees bevat sekere vereistes waaraan voldoen moet word ten opsigte van die bywoning van wykskomiteevergaderings. Ten einde voldoening hieraan te monitor word die rekord van bywoning van ses agtereenvolgende vergaderings aan die komitee voorgelê.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die rekord van bywoning van ses agtereenvolgende vergaderings van die onderskeie wykskomitees;

(b) Dat die verwydering van wykskomiteelede uit hul amp weens onvoldoende bywoning van vergaderings soos voorgeskryf deur artikel 12(2) van die Grondwet vir Wykskomitees gekondoneer word;

(c) Dat daar 'n beroep op wyksraadslede gedoen word om te poog om die vakatures wat ontstaan het so spoedig moontlik te vul.

6.3 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 3 DESEMBER 2009 (11/1/3/1/7)

Die Munisipale Finansiële Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die raad en vervul sy funksies ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) en moet ingevolge sy mandaat notules van vergaderings aan die raad voorlê.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Finansiële- Ouditkomitee gehou 3 Desember 2009 en dat geen verdere besluitneming ingevolge die aanbevelings vervat in die notule benodig word nie.

6.4 UITSTAANDE/...

6.4 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Die lys van versekeringseise en kommentaar daarop is ingevolge die Batebestuursbeleid van die Raad met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die lys van uitstaande versekeringseise en kommentaar daarop soos met die sakelys voorgelê.

6.5 OPGRADERING VAN BOKOMO-/VOORTREKKERWEG VERKEERSLIG (17/6/1/5)

Die projek vir die opgradering van die verkeerslig op die h/v Bokomo- en Voortrekkerweg is tydens ‘n spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 27 Oktober 2009 aan ITS Raadgewende Ingenieurs vir ‘n bedrag van R450 000 (BTW uitgesluit) toegeken.

ITS Raadgewende Ingenieurs het tydens ‘n vergadering met die Uitvoerende Burgemeester, die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste en die Hoof: Tegniese Dienste aangedui dat die toestand (laagwerke) van die pad en die omvang van verkeer (veral swaarvoertuie) op die kruising dit noodsaak om eerder van radar gebruik te maak om die verkeerslig te beheer.

Die installering van radar skakel die gereelde onderhoudswerk uit wat per geleentheid tussen R20 000 en R30 000 bedra om die ingesnyde “loops” te vervang en is ‘n beter opsie as die verbreding/opgradering van die pad en brug in die toekoms oorweeg word.

BESLUIT

(a) Dat die reeds goedgekeurde bedrag van R450 000,00 (BTW uitgesluit) verhoog word na R550 000,00 (BTW uitgesluit);

(b) Dat die bykomende bedrag van R100 000,00 (BTW uitgesluit) ook uit die “brownfields’ bydraes gefinansier word;

(c) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste die projek na die aansuiweringsbegroting verwys.

6.6 ALLOKERING VAN DORA-BEFONDSING VIR SPORTPROJEKTE (5/9/2/4/2)

Na voltooiing van al die sportprojekte wat uit die DORA-befondsing van R500 000,00 vir die 2009/2010 finansiële jaar befonds is, is ‘n bedrag van R99 053,00 nog beskikbaar.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende dringende behoeftes in prioriteitsvolgorde uit die oorblywende R99 053,00 aangespreek word –

(i) herstel van kleedkamers, Riebeek Kasteel – R50 000,00;
(ii) verandering aan chlorineerstelsel en pompkamer, Darling swembad (R47 000,00);

(b) Dat die Departement: Siviele Ingenieursdienste die goedgekeurde projekte so spoedig moontlik implementeer.

6.7 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK VAN GEDEELTE 5 VAN PLAAS RONDEVLEI NO 583, AFDELING MALMESBURY (15/3/10-15) (WYK 4)

‘n Aansoek is vanaf Pioneer Foods (Nulaid) ontvang vir ‘n vergunningsgebruik op gedeelte 5 van die Plaas Rondevlei no 583 (groot 545 ha), geleë noordwes vanaf Malmesbury vir ‘n intensiewevoerboerdery ten einde 16 hoenderhokke (±1800m²/hoenderhok) asook twee addisionele wooneenhede op te rig.

6.7/...

BESLUIT

Dat die verslag na die spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 25 Januarie 2010 verwys word om te besin oor ‘n reguleringsmeganisme ten opsigte van die verkoop van hoenders aan kleinhandelaars/smouse om die verkeer op die toegangsroetes na die plaas te beperk.

6.8 VOORGESTELDE AFWYKING OP ERF 3883, DARLING (15/3/4-3) (WYK 4)

‘n Aansoek is ontvang vir ‘n afwyking op erf 3883 (groot 160m²) geleë te Sonneblomstraat, Darling ten einde ‘n huiswinkel vanuit ‘n gedeelte (±5m²) van die woonhuis te bedryf.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die proses van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste om huiswinkels te formaliseer nie deur nuwe aansoeke gekompromitteer moet word nie.

Verder moet oorweging daaraan verleen word om ruimte te skep op besigheidserwe vir huiswinkels om sodoende residensiële eiendom te beskerm. Vir hierdie doel moet daar met IDC (*Industrial Development Corporation*) geskakel word om die munisipaliteit behulpsaam te wees in die vestiging van opkomende klein besighede.

BESLUIT

Dat die item na die wykskomitee van Wyk 4 verwys word om lede se insette te verkry, alvorens die aansoek verder oorweeg word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER